HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

# Beaumont Nuusbrief
# 22 Nov 2013



## Beste ouers: Wat wou ons bereik met uitreik ?





**1.UT PROSIM is Beaumont se leuse en om te dien is wat die gr R,1,2 en 3's wou doen!**
**2.Liedjies** is gesing en "Rockstar" en "As jy lief is vir die Here" en "Bubblegum" was bo-aan die wenslys hierdie jaar! **3** Aangesien daar omtrent 100 kleutermaatjies was het ek my les op hulle gemik! Die **verhaal van die 3 konings** is vertel wat gaan oor die gedeelte in 2 Kronieke van 'n oupa, pappa en seun wie almal konings was. Die verskil is dat hulle verskillende besluite geneem het en keuses gemaak het– vir of teen God! **Oupa Manasse** het aanvanklik ander gode aanbid maar het tot ander insigte gekom nadat God hom gestraf het, berou gekry en uiteindelik omgedraai en God aanbid en die hele volk saam met hom. **Pappa Amon** het van die begin af verkeerd opgetree teen God en al die ander afgode verkies. Hy het nie lank geheers as koning nie en 'n slegte dood gesterf! Die **seun Josia** was **net 8 jaar oud toe hy koning geword het** (so oud soos baie van die kinders teenwoordig die dag!) en die goeie nuus was dat hy **reg gekies het VIR GOD en die hele volk het ook vir God aanbid!**




**4. Ek vra of iemand wil kom bid om God te vra om ons te help om soos Josia reg te kies VIR GOD en teen "afgode" wat ons goed, geld ens kan wees. Baie kinders kom met groot vrymoedigheid vorentoe en bid tot God! Dit was wonderlik gewees! Wat 'n spesiale groep kinders!**
5. Ons het lekker **saamgekuier en boeresport** gedoen en geskenke uitgedeel. Almal was almal bederf en het die koek sommer baie geniet!
**NB Kyk ook op 2de bladsy na foto's**



**Bid asb vir jou kind en die bediening. Moet nie huiwer om my te kontak nie.**
**Groete Celeste Steinmann 082 322 5299 of stuur e-pos na : celeste@hey.org.za**

Ons wys liefde aan ander kinders
op tasbare manier ♥

**DANKIE VIR ELKEEN SE BYDRAE VIR GESKENKE EN LEKKERGOED PAKKIES** en ook al die hulp met vervoer -

**DIT WORD BAIE WAARDEER!**

**Die uitreik was 'n reuse sukses! Almal stem saam dat ons dit volgende jaar weer moet doen. Ons gee aan God die eer vir hierdie dag!**

















